KABV

maskew miller learning



GRAAD 2

VERSAMELBUNDEL

# Platinum

## Afrikaans Huistaal

Erica Groenewald • Walda van der Merwe

EXTRACT PAGES

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in ’n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur ’n e-pos aan copyright@mml.co.za te stuur.

Eerste uitgawe 2025

ISBN: 9781834962917
ePDF-ISBN: 9781834979748

Uitgewer: Ruchelle Lombard
Redakteur: Hennely Nel
Redigering: Karien Slabbert, Louise Gouws, Jansie Matthee en Catrina Wessels
Omslagontwerp: MML Visual Design en Wouter Reinders
Omslagillustrasie: Wayne Jones
Boekontwerp: MML Visual Design
Illustrasies: MML, Chaise Frederick, Wayne Jones, Linda Kavalsky, Bianca Louise, Valentino Pietersen, Sarah Swanepoel, Luan Serfontein, Elinor Rayner, Rashieq Sasman en Vian Oelofsen
Setwerk: Marius du Plessis
Gedruk deur [ ]

EXTRACT PAGES

# Inhoudsopgawe


## Kwartaal 1

**Tema 1: Dit is ek**
Mia se ontdekkingsreis *(Storie)*. . . . . . . . . . . . 1

**Tema 2: My verhoudings met ander**
Kos vir Leentjie *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

**Tema 3: Mense om my**
Kermisdag *(Toneelstuk)*. . . . . . . . . . . . . . . . . 13

**Tema 4: Almal saam**
Die Mentoor-gesin verhuis *(Storie)*. . . . . . . . 19

**Tema 5: Seisoene**
Die Aarde se reis om die son *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

## Kwartaal 2

**Tema 6: Water**
Wat sal gebeur as daar nie water is nie? *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

**Tema 7: Wilde diere**
Hoekom Kameelperd se nek so lank is *(Storie)*. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37

**Tema 8: Diere om ons**
Luna word 'n eenhoring *(Storie)*. . . . . . . . . . . 43

**Tema 9: Vervoer op die grond**
Die outydse karretjie *(Inligtingsteks)*. . . . . . . 49

**Tema 10: Vervoer in die lug**
Blits die klein vliegtuigie *(Inligtingsteks)*. . . . 55

## Kwartaal 3

**Tema 11: Red die planeet**
Karolus, die visserman van die Weskus *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61

**Tema 12: Vervoer wat ons help**
Dit is lekker om pakkies te kry *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 67

**Tema 13: Mense wat ons veilig hou**
Cheeky ontsnap *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 73

**Tema 14: Mense wat ons gesond maak**
Stefan breek sy arm *(Toneelstuk)* . . . . . . . . . . 79

**Tema 15: Mense wat ons help**
'n Wêreld sonder die internet *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85

## Kwartaal 4

**Tema 16: Beroepe**
Interessante beroepe *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . 91

**Tema 17: My land se mense**
Die Reënboognasie *(Inligtingsteks)*. . . . . . . . . 97

**Tema 18: My land se plekke**
'n Toer deur Suid-Afrika *(Inligtingsteks)* . . . 103

**Tema 19: My land se sport**
Sport in Suid-Afrika *(Inligtingsteks)* . . . . . . 109

**Tema 20: My land is uniek**
Fynbos: uniek aan Suid-Afrika *(Storie)* . . . . 115


EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

## Mia se ontdekkingsreis

Hallo, my naam is Mia. Ek is agt jaar oud. My gesin het verlede week na ’n nuwe dorp toe getrek.

Dit beteken ek gaan môre na ’n nuwe skool toe. Ek is baie senuweeagtig, maar ook só opgewonde oor die avontuur.

Die skool is soveel groter as my ou skool. Daar is baie meer klubs en aktiwiteite as by my vorige skool. Daar is klubs vir wetenskap, sport, kuns en skaak.

Daar is soveel keuses. Ek gaan sommer na elke klub toe om te sien wat ek die meeste geniet en waar ek inpas. Dit is amper soos ’n ontdekkingsreis om myself te leer ken.


EXTRACT PAGES



Die tweede dag van skool besluit ek om na die kunsklub toe te gaan. Alles in die klaskamer is helder en vrolik en die maatjies is baie vriendelik.

Die juffrou is ook kleurvol aangetrek. Sy dra lang, gestreepte geel-en-blou kouse. Sy het rooi hare en ’n mooi, geel hoed op haar kop.





Ons aktiwiteit vir die dag is om ’n prent van ons gesin te teken. Ek sukkel ’n bietjie om almal in my gesin op die bladsy in te pas. Dit was moeilik om almal se gesigte reg te teken, maar ek het dit baie geniet.

EXTRACT PAGES

Die derde dag gaan ek na die skaakklub toe. Die klub ontmoet in die biblioteek. Ons mag nie hard praat nie, so ons almal fluister. Ek weet nog nie regtig hoe om skaak te speel nie, daarom kyk ek net hoe die ander maatjies speel.

Dit lyk baie lekker, maar almal konsentreer so hard dat ek sommer moeg word.

Ek geniet dit tóg om te kyk hoe die maatjies skaakstukke op die bord rondskuif.

Ek besluit dat ek hier te veel moet leer en konsentreer om te kan saamspeel. Dit is nie nou vir my die beste keuse nie.

EXTRACT PAGES





EXTRACT PAGES

Die vierde dag maak ek ’n draai by die sportklub se netbaloefening. Niemand in my gesin is lief vir sport nie en ek besef nou hoekom. Dit is baie moeiliker as wat dit lyk. Dit voel of my hande en voete nie saamstem oor wát hulle moet doen nie.

Dit is steeds baie lekker om saam met my maats rond te hardloop en te lag. Die ander maatjies wat nie van sport hou nie, kyk vir ons en skree vir ons van langs die baan af. Hulle lag ook lekker saam.

In netbal is daar baie reëls wat ek moet leer as ek regtig wil speel.

Die vyfde dag besoek ek die wetenskapklub. Ek is nie seker wat wetenskap is nie, maar my maats sê dit is as jy toetse doen om te sien hoe dinge werk.

Ons probeer uitvind hoe kristalle gevorm word. Elkeen kry ’n paar flesse met water in, sout, koskleursel, ’n stokkie en ’n tou.





Ons meng die sout, water en koskleursel bymekaar. My mengsel is ’n pragtige, grasgroen kleur. Ons maak die tou in die middel van die stokkie vas en sit dit bo-oor die fles. Juffrou sê ons moet nou wag.

’n Paar weke later kry ek ’n pragtige, groen kristal aan my toutjie.

EXTRACT PAGES



Hierdie wetenskaptoets was só interessant, veral om te kyk hoe die kristal elke dag groter en groter word.

Dit maak my baie nuuskierig oor al die ander soort toetse wat ons kan doen en die ander interessante goed wat ons kan uitvind.

Toe ek my groot kristal van die tou afhaal en in my hand vashou, weet ek dat ek my plek by die wetenskapklub gevind het.

Nét daar besluit ek dat ek eendag 'n wetenskaplike wil wees. Ek wil baie graag meer uitvind oor al die wonderlike dinge in die wetenskapwêreld.

EXTRACT PAGES


## Kos vir Leentjie

My naam is Drikus. My beste maatjie in die hele wêreld is Thabo. Thabo praat nie Afrikaans by die huis nie. Hy en sy gesin praat Tswana. Ons albei leer Afrikaans in die skool, daarom gesels ons lekker met mekaar.

Ons ken mekaar al vir meer as vier jaar. Partykeer hoef ons glad nie eens te praat nie. Ons het altyd hope pret, maak nie saak wat ons saam doen nie.

Een Woensdag ná skool kom speel Thabo by my. My ma het vir ons heerlike skaapbredie met rys gekook. Ons smul daaraan. Dit is my gunsteling! Toe ons klaar geëet het, is net 'n paar dolosbeentjies op ons borde oor. Dit is die beentjies wat by die skaap se voorpote sit.

EXTRACT PAGES





Ons sit diep in gedagte en kyk na ons skoon borde met net die beentjies in. Skielik sê Thabo: “Die beentjies laat dink my aan my gunstelingkos.”

“Wat is jou gunstelingkos, Thabo?” vra ek.

EXTRACT PAGES

Thabo vertel verder sy gunstelingkos is sy ouma, Gogo, se pap, wors en smoor. Sy hele familie is dol daaroor. “Gogo maak dit as ons hele familie bymekaar is. Dis altyd ’n fees!” sê Thabo met ’n glimlag.

Ek weet nie wat smoor is nie en het nog nooit pap geëet nie. Thabo weet ook nie hoe om te verduidelik wat smoor is nie. Ons besluit om sommer vir sy Gogo te gaan vra. Sy bly net so twee strate van ons af.



Ons sit aan die voete van sy Gogo en luister mooi na hoe sy altyd smoor maak. Sy braai uie, tamaties en knoffel met sout, peper, kruie en ’n bietjie suiker en water in olie. Die geheim is die bietjie suiker. “Vir lekker geur,” sê Gogo. “Maar,” sê Gogo en knipoog, “die hoofbestandeel is liefde!”

Sy vertel hoe lekker dit vir haar is om haar kinders en kleinkinders by haar te hê vir ete. Sy hou daarvan om vir hulle te kook. Dit is hoe sy vir hulle kan wys hoe lief sy hulle het. Sy belowe om die volgende dag vir my en Thabo pap en smoor in te pak skool toe sodat ek kan proe. Ek is baie opgewonde!





Die volgende dag by die skool is ons maatjie, Leentjie, eerste pouse in trane. Boelies het haar kos probeer afvat, maar alles het op die grond beland. Sy was honger en het baie uitgesien na haar kos. Ons ander vriende, Rajesh en Lolwethu, troos haar. Lolwethu kry ’n blink idee. “Toemaar, Leentjie, ons sal almal ’n bietjie van ons kos met jou deel, dan hoef jy nie honger te wees nie.”

Ons almal sit toe pouse saam en deel ons kos met Leentjie. My ma het vir my ’n toebroodjie ingepak, Thabo het pap, wors en smoor gehad, Rajesh het heerlike hoenderkerrie gehad en Lolwethu vetkoek met kerrievulsel. Almal het van almal se kos geëet. Dit was so lekker om al die verskillende kosse te probeer.

“Dankie, julle. Julle is die beste maatjies ooit!” sê Leentjie. “Dit is waarvoor vriende daar is, Leentjie,” sê Lolwethu. Vriende is daar om mekaar te help, te ondersteun en beter te laat voel.

Gogo se pap, wors en smoor was smaaklik. Ek dink ek hou nou ook baie van smoor! Rasjesh se kerrie het my mond ’n bietjie gebrand, maar dit was nog altyd heerlik.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

“Wat was in jou kosblik, Leentjie?” vra Thabo. Leentjie vertel vir ons wat haar ma vandag vir haar ingepak het. Sy het so uitgesien daarna. Sy het heerlike hoenderpastei en pampoenkoekies met kaneelsuiker op gehad. Sy hou nie altyd van groente nie, maar haar mamma maak die beste pampoenkoekies in die hele wêreld. Ek hoop sy bring volgende keer vir ons almal van dié pampoenkoekies sodat ons ook kan proe.

Ons vertel toe almal vir mekaar oor ons gunstelingkosse en hoekom ons so baie daarvan hou. Dit gaan nie net oor die kos self nie, maar oor die tyd wat ons saam met ons familie en vriende deurbring wanneer ons kosmaak, eet, gesels en uit ons mae lag. Ek het vandag meer oor ander families se kosse geleer en lekker geëet. Kos proe nie net lekker nie, dit bring ook familie en vriende bymekaar. Dit kan selfs ook iemand se slegte dag ’n bietjie beter maak!



SAMPLE PAGES

## Kermisdag

Almal in die dorp is baie opgewonde vandag. Die groot kermis word op die sportveld gehou. Daar is dosyne stalletjies en pret wat vir almal wag.

EXTRACT PAGES


| Die karakters | |
|---|---|
| Jaco (verteller) | Diya |
| Jaco | Tannie Nita |
| Pappa | Mamma |
| Magda | Klara |



**Jaco (verteller):** Ons gesin gaan vanoggend kermis toe. Ek kan nie wag nie! Magda is my tweelingsussie. Ons is baie lief vir mekaar.

**Pappa:** Kinders, hier is vir julle elkeen R20. Geniet die speletjies en stalletjies. Ons ontmoet weer eenuur hier.

**Jaco:** Dankie, Pappa. Ons sal. Ons sien julle eenuur weer!



**Jaco (verteller):** My sussie is byna heeltemal blind. Sy dra ’n dik bril. Ek help haar sodat sy nie val nie.

**Jaco:** Sussie, kom ons gaan eerste teikengooi! Sjoe, ek sien daar is hope teddiebere wat ’n mens kan wen!

**Magda:** Sien jy dalk ’n groot pienke? Ek wil so graag een hê.

**Jaco:** Ja, daar is een! Kom ek probeer hom vir jou wen!

**Toneelaanwysings:** Jaco probeer drie keer die teiken raakgooi, maar dis alles mis.

**Magda *(lag)*:** Dis omdat jy die bal so snaaks vashou! Ag, ek spot net. Ons vra vir Pappa om later te kom.

**Jaco:** Hei, los my uit! Ek is nogal honger. Kom ons gaan kry eerder kos. Sjoe, daardie samoesas ruik heerlik!

EXTRACT RIGHTS

**Diya:** Hallo, julle twee. Kom probeer my hoender-samoesas. Of dalk dié met kaas. Ek kry komplimente vir albei.

**Magda:** Ek kies eerste! Ek wil graag die kaas-samoesas proe, Tannie. Wat kos dit?


**Diya:** Dit is R10 vir ses. Baie dankie. Hier is julle kleingeld.

**Toneelaanwysings:** Jaco en Magda smul aan die samoesas.

**Magda:** Sjoe, nou is my magie baie tevrede! Ek is lus vir iets soets.

**Jaco:** Daar is spookasem en suiglekkers! Kom ons gaan!

**Toneelaanwysings:** Jaco en Magda bly bymekaar. Jaco pas sy sussie mooi op sodat sy nie val nie. Hulle gaan staan by die lekkergoedstalletjie.



EXTRACT PAGES




**Toneelaanwysing:** Jaco en Magda loop na 'n boekstalletjie toe. 'n Vriendelike tannie met grys hare sit langsaan in 'n rolstoel.

**Jaco:** Magda, die tannie het sulke mooi, helderblou oë. Sy dra 'n bril net soos joune. Sy lyk baie vriendelik.

**Tannie Nita:** Staan gerus nader, kinders. Kyk net al die interessante boeke. Blaai bietjie deur hierdie een.

**Jaco:** Hier is 'n gids oor voëls! Ai, ons het net R11 oor.

**Magda:** Ag, nee! Ek weet jy is mal oor voëls, Jaco.

**Tannie Nita:** Toemaar, kinders. Ek sê julle wat: ek sal julle R4 afslag gee. My boeke is spotgoedkoop.




EXTRACT PAGE



**Toneelaanwysings:** Op die kop eenuur ontmoet Jaco, Magda en hul ouers mekaar.

**Jaco:** Pappa, kan ons gou gaan teikengooi? Daar is ’n pienk teddiebeer wat Magda se hart gesteel het.

**Toneelaanwysings:** Die gesin stap saam om te gaan kyk hoe Pappa teikengooi. Hy gooi die bal drie keer.

**Jaco:** Mooi gooi, Pappa! Dis in die middel!

**Mamma:** Ja, Pappa het ’n goeie oog.

**Toneelaanwysings:** Magda kry haar groot, pienk teddiebeer. Sy druk dit styf teen haar vas.

**Magda:** Dankie, Pappa! Dis my splinternuwe slaapmaatjie!

**Pappa:** Dis ’n groot plesier, Magda. Kom ons gaan kyk wat die boere by die groentestalletjie uitstal.

**Toneelaanwysings:** Die gesin stap na die groentestalletjie toe.

EXTRACT PAGES

**Mamma:** Kyk net die kleurvolle groente in mandjies. Hier is wortels, kool, seldery en eiervrug!

**Klara:** Welkom, mense. Alles is vars. Ons het dit vanoggend gepluk.

**Mamma:** Ek neem iets van alles vir 'n groentebredie vanaand.

**Pappa:** Nou kan ons huis toe gaan. Was dit nie 'n wonderlike dag nie?

**Jaco:** Ja, dit was! Ons het samoesas, lekkers, 'n boek en groente gekoop. Dit was pret, nè, Magda?

**Magda:** Ja, ek het my gate uit geniet. My hart is só bly oor my pienk teddiebeer! Dankie Pappa en Jaco.

**Mamma:** Het julle gesien? Die mense is net so verskillend soos hulle produkte! Elkeen het sy eie mooi. Hoe kleurvol maak dit nie die lewe nie!



EXTRACT